**Dinsdag 22 November**

**Skrifgedeelte: Jeremia 4:7-18**
**Fokusgedeelte: Jeremia 4:14**

## ’n Gereinigde, onverdeelde hart!

Soms kan ’n mens jou eie grootste vyand wees. Juda was dikwels hulle eie grootste vyand deurdat hulle God nie met ’n onverdeelde hart gedien het nie. Hulle het die Here gedien, maar daar was ook plek vir afgode in hulle harte. Hulle het die Here dus nie met onverdeelde harte, gereinigde harte, harte sonder bose planne gedien nie. Hulle grootste vyand was dan ook nie die Babiloniërs wat hulle bedreig het nie, maar die boosheid wat hulle in hulle harte rondgedra het.

Ja, ons maak dikwels dieselfde fout en dien die Here halfhartig.

Jeremia vermaan die volk daaroor en gee genadiglik ook die oplossing vir hierdie lewensgevaarlike probleem: “Jerusalem, reinig jou hart van die kwaad, dat jy behoue kan bly. Hoe lank sal jy nog bose planne in jou omdra?” (vs 14). Die oplossing is om ons harte van die kwaad te reinig en om alle bose planne uit ons harte te verwyder.

Die oplossing is dus eintlik nuwe harte! Net die Heilige Gees kan hierdie nuwe harte gee. God belowe in Esegiël 36:26, 27: “Ek sal julle ’n nuwe hart en ’n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle ’n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.”

Hierdie belofte is natuurlik met Pinkster vervul, en daarom is dit nou al moontlik vir kinders van die Here om met gereinigde, onverdeelde harte te lewe!

*Sing: Skrifberyming 14 (8-1):1, 2*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*